# STELLENBERG GEMEENTE

# BYBELSKOOL

# ROMEINE

**Aanbieder ds. Marius Breytenbach**

**Februarie 2022**

**DIE BYBEL BOEK ROMEINE**

**SESSIE 1**



Die grootste gedeelte van die Nuwe Testament bestaan uit briewe wat Paulus vir gemeentes in Klein Asië (hedendaagse Turkye) en Griekeland geskryf het. Van almal word die brief aan die Romeine as Paulus se meesterstuk beskou. Dit getuig van jare se ervaringe soos wat hy duisende kilometer gereis en sy paaie met God en mense gekruis het. Die insigte daarvan is op ‘n eenvoudige en kragtige manier in sy brief aan die Romeine opgesom. Deur die eeue het hierdie brief op ‘n diep en betekenisvolle manier met mense se geloof resoneer. Dit het hulle aan die een kant gehelp om kern karakter eienskappe van God beter te verstaan en aan die ander kant prakties te groei in hulle geloof. Mag hierdie reeks jou ook so aanspreek. Voor ons by die boek Romeinse self uitkom, is dit nodig om eers vir ‘n oomblik by die omstandighede wat tot die skrywe van die brief aanleiding gegee het stil te staan.

**Van Saulus tot Paulus. Die aard van van Paulus se bekering**

Saulus het as Griekse Jood binne ‘n nougesette Joodse godsdienstige tradisie grootgeword.  Sy bekering op die pad van Damaskus, terwyl hy besig was om Christene te vervolg, was nie ‘n wegdraai van die Here wat hy was Fariseër aanbid het nie. Dit was eerder ‘n ommekeer (insig) in sy verstaan wie God werklik is. Sy bekering kan eenvoudig in een woord opgesom word: Genade! Die Here se dood en opstanding het hom laat verstaan hoe groot en kragtig God se genade in sy lewe werk en hy het

> **Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertroue, ek nog meer. Ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik.**
>
> **FILLIPENSE 3:5**

beleef hoe radikaal dit sy perspektief oor mense in hierdie wêreld kom verander.
Dit is die moment waarby Romeine ons dan weer telkens voor uitbring. Hoe is die Here se genade besig om vorm te gee aan jou geloof en hoe raak dit prakties die lewe waar jy jou bevind?

Die meeste van ons het in godsdienstige huise grootgeword waar ons van kleins die Here leer ken het. Lewenservaring bring ons egter persoonlik by momente in die lewe uit waar die Here se genade ons tot dieper insigte lei en waar die lewe onverwags, soos met Paulus, vir ons nuwe betekenis kry. Paulus se bekering het dus sy tradisionele verstaan van godsdiens ingrypend kom verander. Hoe gebeur dit vandag met ons? Lees Filippense 3:5. Hoe praat hierdie teks vandag met ons oor die rol van godsdiens in ons lewens en die pad van geloofsgroei?


Lees meer oor Paulus se bekering in die volgende tekste

- Lees Handelinge 9:1-25 (Lukas se weergawe)
- Lees Galasiërs 1:11-21 (Paulus se eie weergawe).

Alhoewel Paulus se bekering 'n wonderlike insig oomblik was wat hom onmiiddelik diep aangespreek het, het dit hom 'n lang tyd gevat om die praktiese implikasies daarvan te besef en dit uiteindelik in Romeine te verwoord. Na sy Damaskus ervaring het die Here Paulus gelei om drie sendingreise te onderneem. Dit was hier, in verskillende kontekste en tussen mense wat met die lewe worstel, waar sy bekerings moment en die implikasie van die Here se genade eers werklik by hom posgevat het. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die radikale boodskap van 1 Korintiërs 13 toe hy die konflik tussen gelowiges aangespreek het. Sonder liefde beteken ons godsdienstige vermoëns en perspektiewe niks!

Romeine is geskryf aan die einde van Paulus se derde reis (laaste amptelike sendingreis) toe hy op pad was terug na Jerusalem om die kollekte wat hy vir die arm gemeente in ingesamel het aan hulle te besorg (Hand 20:16, 24:17) (sien kaarte aan die einde van die sessie). Die brief is omstreeks 57-58 nC in Korinte geskryf.

**Die gemeente in Rome vir wie Paulus skryf**



Baie van die eerste Nuwe Testament gemeentes is deur Paulus tydens sy sendingreise gestig. Wie en hoe die gemeente in Rome ontstaan is egter onbekend. Die gemeente het waarskynlik tot stand gekom toe gelowiges wat tydens die viering van die Pinksterfees in Handelinge 2 in Jerusalem teenwoordig was, weer terug na Rome gereis het (Hand. 2:10). ‘n Ander moontlikheid is dat gelowiges wat na Stefanus se steniging vervolg is is na Rome gevlug het (Hand. 8:1-4).

Die meerderheid van Rome se vroeë gelowiges was van Joodse afkoms. ‘n Twis tussen die Joodse en heiden gelowiges het tot konflik gelei. Die Romeinse Keiser Claudius het as gevolg daarvan rondom 49 nC besluit om alle die Jode uit Rome te verban. Een so ‘n egpaar wat die stad moes verlaat was Akwila en sy vrou Priscilla wat na Korinte gevlug en daar vir Paulus leer ken het (Lees Hand. 18:1-4). Hulle het daarvandaan saam met hom na Efese gereis (Hand 18:18-19 en 24-26, 1 Kor. 16:19) en later self weer na Rome teruggekeer. Toe Paulus heelwat uiteindelik in Rome arriveer het hy vir ‘n wyle by hulle tuisgegaan. In Romeine 16:3 vertel Paulus hoe hierdie egpaar hulle lewens vir hom gewaag het. In die tyd tussen 49-53 nC, toe die Joodse gelowiges die gemeente verlaat het, het die karakter van die vroeë kerk in Rome van karakter verander. Joodse gelowiges wat teruggekeer het, het hulle skielik in ‘n gemeente bevind wat al hoe meer van hulle Joodse wortels afskeid geneem het en sosiaal deur ‘n heiden karakter gedomineer is. Soos wat ‘n mens deur Romeine lees kry jy die gevoel hoe hierdie kwessie deur Paulus aangespreek word.

Wat was die rede vir Paulus se brief aan die gemeente in Rome? Aan die begin van die brief spreek Paulus die wens uit om ‘n sendingreis na Spanje te onderneem en die gemeente in Rome as basis vir hierdie sendingreis te gebruik (Rom. 15:22-25). Die storie hoe Paulus toe op die einde in Rome geëindig het is fassinerend en word in Handelinge 21-28 vertel.

> **Dit is dan ook die rede waarom ek baie keer verhinder is om na julle toe te kom. Maar nou is daar vir my in hierdie streke nie meer ‘n nuwe arbeidsveld nie, en ek koester al vir baie jare die begeerte om julle te besoek as ek na Spanje toe gaan. Ek hoop om julle dan op my deurreis te sien; trouens, ek sou graag ook eers ‘n tydjie by julle wou deurbring en dan met julle hulp verder na Spanje reis. Maar ek is eers op pad Jerusalem toe met geldelike hulp vir die gelowiges daar.**
>
> **Romeine 15:22-25**

Lees Handelinge 20:22-24 asook 21:10-12. Soos genoem was Paulus op pad Jerusalem toe om die kollekte wat hy vir die verarmde moedergemeente ingesamel het aan hulle te besorg. Die gemeente in Jerusalem, wat nog onder leiding van die apostels gestaan en nog sterk verbintenisse met die tempel en die Joodse godsdiens gehad het, was bewus dat Paulus se teologie rakende God se genade vir die heidene die plaaslike Joodse gemeenskap sou ontstel. Hulle vrese het realiseer toe Paulus se teenwoordigheid in die tempel tot ‘n opstand laat ontstaan en hy as gevolg daarvan in hegtenis geneem is (Hand. 22-23). Uit vrees vir sy lewe is hy deur die Romeinse owerhede na Seserea verplaas waar hy ‘n periode van twee jaar gebly het. Omdat Paulus homself op die keiser beroep het is hy uiteindelik na Rome gedeporteer. So realiseer sy lewenslange droom (Rom. 1:11) om uiteindelik die gemeente in Rome te besoek. Daar word tradisioneel na hierdie reis as sy vierde sendingreis verwys. Lees meer hieroor in Handelinge 24-27.

Dit is belangrik om te onthou dat toe Paulus hierdie brief aan die gemeente van Rome geskryf het hy nie in sy wildste drome gedink het dit eendag in ‘n boek soortgelyk aan die Ou Testament opgeneem gaan word nie. Sy fokus was die tyd, omstandighede en kwessies waarmee gelowiges in Rome mee gekonfronteer was. Die wonder is dat sy perspektief rakende die aard en karakter van God se genade nie verander het nie en ons 2000 jaar later help tot nuwe perspektiewe, insigte rakende ons eie omstandighede en wêreld.

**My genade vir jou is genoeg.**
**My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is"**

**Romeine 12:9**

Ons gaan dus in die volgende weke juis besig wees met enkele temas wat spruit uit Paulus se geloofsreis. 'n Mens moet voortdurend in gedagte hou dat ons nie hier met teoretiese godsdienstige konsepte besig is nie, maar met 'n geloof wat gebore is uit die eerlike wyse vanuit Paulus se worsteling, swaarkry en moedeloosheid. Ek dink byvoorbeeld aan die gedeelte in 2 Kor. 12:8 waarin Paulus herhaaldelik by die Here smeek vir antwoorde en die frustrasie uitspreek dat die Here hom nie hoor nie. Reflekteer vir 'n oomblik oor wat Romeine 12:9 vir jou vandag beteken. Mag ons saam in hierdie tyd diep onder die indruk kom van hierdie geloofswaarheid en dit ons help om prakties met betekenis te kan leef.

## ROMEINE SE SAMESTELLING

**"Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo" (Romeine 1:16-17).**

**"Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo. Almal het gesondig en is ver van God af, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus" (Romeine 3:21-24)**

**A. ‘n Geloof wat gegrond is in God se genade (Rom. 1:18-11:36).**

1. Mense wat God se genade verwerp
   - Mense wat onkundig lewe (1:18-2:16)
   - Mense (Jode) wat hulleself deur godsdiens probeer regverdig (2:17-3:8)
   - Alle mense se sondige aard (3:9-12).

2. Mense wat deur Christus se dood en opstanding regverdig verklaar word (Rom. 3:21-5:21).
3. God se soewereiniteit (Rom. 9:1-11:36)

**B. ‘n Getransformeerde lewe in diens van mekaar (Rom. 12:1-15:13).**

**C. Slotgedeelte: Groete, vermaning en seën (Rom. 15:14-16:27).**


Lees ter voorbereiding van volgende week Romeine 1:1-11:36.




## PAUL'S LETTERS AND MISSIONARY JOURNEYS

| YEAR A.D. | MAJOR EVENTS | ACTS | PERIOD | LETTERS |
|---|---|---|---|---|
| 34 | Conversion, Damascus, Arabia | 9 | 3 years - Arabia | |
| 37 | Jerusalem, Tarsus, Syria, Cilicia | | | |
| 46-47 | Antioch, Jerusalem | 11 | 1 year - Antioch | |
| 48-49 | First Missionary Journey and Antioch | 13-14 | | Galatians |
| 50 | Jerusalem Council and Antioch | 15 | | |
| 51-53 | Second Missionary Journey | 16-18 | 18 months - Corinth | 1 Thessalonians<br>2 Thessalonians |
| 53-54 | Antioch | | | |
| 54-57 | Third Missionary Journey | 19-21 | 3 years - Ephesus | 1 Corinthians<br>2 Corinthians<br>Romans |
| 57 | Jerusalem Arrest | 22-23 | | |
| 57-59 | Caesarea Prisoner | 24-26 | 2 years | |
| 59-60 | Journey to Rome | 27-28 | | |
| 60-67 circa | Rome House Arrest | 28 | 5-7 years circa | Ephesians<br>Colossians<br>Philemon<br>Philippians<br>1 Timothy<br>Titus<br>2 Timothy |

ConformingToJesus.com


MAP OF PAUL'S JOURNEY TO ROME
Acts 27 & 28
City
One of the "Seven Churches"
Paul's Itinerary
0 100 200 300 Kilometers
0 100 200 300 Miles
Rome
Three Tavers
Appii Forum
Paul meets fellow believers and is encouraged
as he awaits for his appeal to Caesar
Puteoli
Pompeii
ITALY
Tarentum
Brundisium
ADRIATIC SEA
TYRRHENIAN SEA
Messina
SICILY
Syracuse
Rhegium
Syrtis Minor
MALTA
Ship lost in storm All aboard swim safely to shore
Paul bitten by a viper suffers no harm Many come to faith and are healed
Ship caught in storm 14 days tempest-tossed Hope to be saved given up Paul encourages all aboard saying only ship will be lost
Syrtis Major
MACEDONIA
THRACE
Berea
Amphipolis
Thessalonica
Neapolis
Delphi
Olympia
ACHAIA
Sparta
Athens
AEGEAN SEA
CYCLADES ISLANDS
Byzanthium
Pergamum
Smyrna
Ephesus
Thyatira
Sardis
Philadelphia
Laodicea
ASIA
Cnidus
RHODES
CLAUDA
Phoenix
Fair Heavens
CRETE
Lasea
Salmone
Paul's warning about the dangers of the voyage ignored
Cyrene
CYRENAICA
MEDITERRANEAN SEA
Change to a grain ship sailing to Italy
Myra
LYCIA
PHRYGIA
PAMPHYLIA
BITHYNIA & PONTUS
BLACK SEA
GALATIA
CAPPADOCIA
CILICIA
Tarsus
CYPRUS
COMMAGENE
Antioch
Orontes River
Euphrates River
SYRIA
Sidon
Paul boards a ship Sent to Rome to appeal to Caesar
Caesarea Maritima
Antipatris
Jerusalem
JUDEA
Jordan River
Dead Sea
NABATEA
Alexandria
EGYPT
Memphis
Nile R.
BATW